SA Media - The University of the Free State
Page: 1
Source: BEELD
Date: 16-Nov-2006
Topic: 25
Ref No: 5355
1
ID: 03408270-01 Source Page: 12

# Korrupsie by DUT tot in hoogste strukture, onthul Jansen

Dries Liebenberg

Durban. – Bedrog, korrupsie en ander ongerymdhede het nie net wydverspreid voorgekom by die Durbanse Universiteit van Tegnologie (DUT) nie, maar het "so hoog op gestrek as wat 'n mens jou kan indink".

Só het prof. Jonathan Jansen, administrateur van die DUT, gister gesê nadat die ouditeursfirma KMPG 'n forensiese oudit afgehandel het na dié instelling se geldsake sedert dit in 2002 deur 'n samesmelting van die M.L. Sultan- en Natal-technikons tot stand gekom het.

Regstappe gaan onmiddellik gedoen word teen diegene wat in KPMG se verslag geïmpliseer word en hy sal nie rus totdat "elke sent wat by die instelling geplunder is, teruggekry is nie," het Jansen gesê.

Om regsredes wou hy nie die skuldiges of " 'n halfdosyn" maatskappye se name bekend maak nie, maar het gesê geen dienende senior bestuurslui word betrek nie. Reëlings is getref om geïmpliseerde mense te vervang as hulle die DUT moet verlaat.

Die verslag gaan nie bekend gemaak word nie "om te voorkom dat dit as politieke speelbal gebruik word," het Jansen gesê.

Die bedrag wat ter sprake is, sal eers teen volgende maand of Januarie bereken kan word nadat 'n Skerpioene-ondersoek na die bedrog afgehandel is.

KPMG se forensiese oudit is die derde wat by dié instelling gedoen is. Me. Naledi Pandor, minister van onderwys, het die universiteitsraad in Augustus afgedank en Jansen as administrateur aangestel.

In sy verslag identifiseer KPMG 15 sake waarvoor tugverhore gehou kan word, 7 moontlike strafsake en 7 sake waarin die owerhede geld kan herwin.

Luidens die verslag het talle mense in verskeie departemente hulle aan die DUT se geld gehelp, het Jansen gesê. Daar was gevalle waar personeel na bewering bande met kontrakteurs gehad het wat betaal is nog voordat werk gedoen is; werk wat glad nie gedoen is nie; of só sleg gedoen is dat dit 'n gevaar ingehou het.

"Baie van die verrotting het plaasgevind in die chaos van die samesmelting," het Jansen gesê.